# PAIA HANDLEIDING

| | |
|---|---|
| **Titel:** | OPFA: PAIA Handleiding |
| **Toesighouer:** | Inligtingsbeampte/Adjunk Inligtingsbeampte |
| **Voorberei deur:** | Om bepaal te word |
| **Datum Opgestel:** | Februarie 2023 |
| **Weergawe No:** | 3 |
| **Verwysings No.** | Om bepaal te word |
| **Datum Goedgekeur:** | 14 May 2024 |
| **Effektiewe Datum:** | Om bepaal te word |
| **Goedgekeur Deur:** | Om bepaal te word |

## Dokument Goedkeurings Bladsy

### Dokument eienaar:

| NAAM | POSBESKRYING |
|---|---|
| Nondumiso Ntshangase | Adjunk Inligtingsbeampte |

### Verpligte Hersienings tydperk:

| |
|---|
| Om elke tweede jaar hersien te word of wanneer beduidende wysigings voorkom |

**Weergawe Kontrole Bladsy**

**Hierdie bladsy sit die geskiedenis van vorige weergawes en wysigings van die handleiding uiteen:**

| Weergawe | Datum | Outeur | Status | Kommentaar / veranderinge |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 1/7/2021 | OPFA ManCo | Gewysig | |
| 2 | 13/12/2022 | OPFA ManCo | Gewysig | Wysigings voorgestel deur die Inligtings Reguleerder na aanleiding van hulle evaluasie besoek. |
| 3 | 14/05/2024 | OPFA ManCo | Goedgekeur | Hersien |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

**OPFA**
**PAIA HANDLEIDING**

## 1. OMSKRYWING VAN DIE ROL VAN DIE OPFA / DIENSTE VERSKAF

Die Kantoor van die Pensioenfonds Beregter ("OPFA") is 'n statutêre liggaam daargestel ingevolge artikel 30B van die Wet op Pensioenfondse, Wet 24 van 1956. Die hoofdoel van die Beregter is om klagtes rakende pensioenfonds aangeleenthede te bereg ingevolge Artikel 30A(3) van die Wet op Pensioenfondse, asook om klagtes ingevolge waarvoor die Beregter aangewys word ingevolge Artikel 211 van die Wet op Finansiële Sektor Regulering, te bereg. Die Beregter bereg hierdie klagtes in 'n onafhanklike, prosedurele, ekonomiese en spoedige wyse. Die OPFA is 'n skedule 3A openbare liggaam, soos na verwys in die Wet op die Bestuur van Openbare Finansiering, 1999.

## 2. TOEGANG TO INLIGTINGS HANDLEIDING

Soos vereis in Artikel 14 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet Nr 2 van 2000 (PAIA).

Hierdie handling kan deur jou gebruik word om toegang te verkry tot inligting gehou deur die OPFA.


Die OPFA is verplig ingevolge PAIA om hierdie handleiding aan jou beskikbaar te stel sodat jy kan sien watter soort inligting die OPFA het, asook hoe jy toegang daartoe kan versoek.

## 3. DIE OPFA BESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| **Statutêre Naam** | Kantoor van die Pensioenfonds Beregter |
| **Registrasie Nommer** | Geen registrasie nommer word vereis vir statutêre liggame nie |
| **Fisiese Adres** | 4de Vloer Riverwalk Kantoor Park, Blok A, Matroosberg Weg 41, Ashlea Gardens PRETORIA |
| **Posadres** | Posbus 580, MENLYN, 0063 |

| | |
|---|---|
| **Telefoon Nommer** | 012 748 4000<br>012 346 1738 |
| **Faks Nommer** | 0866937472 |
| **Algemene e-pos adres** | enquiries@pfa.org.za |
| **Inligtingsbeampte** | Muvhango Lukhaimane –<br>muvhango.lukhaimane@pfa.org.za |
| **Adjunk Inligtingsbeampte** | Nondumiso Ntshangase -<br>nondumiso.ntshangase@pfa.org.za |
| **Telefoon Nommer** | 012 748 4000<br>012 346 1738 |

## 4. ORGANISATORIESE STRUKTUUR



## 5. GIDS DEUR DIE INLIGTINGS REGULEERDER

Die Inligtings Reguleerder het 'n gids saamgestel ingevolge Artikel 10 van die Wet. Die gids bevat inligting wat redelikerwys benodig mag word deur 'n persoon wie enige regte wil uitoefen ingevolge die Wet. Enige navrae rakende hierdie gids moet gerig word aan:

**Die Inligtings Reguleerder (Suid-Afrika)**

JD House, Stiemens Straat 27, Braamfontein, Johannesburg, 2001.

Telefoon: 010 023 5200

Epos: enquiries@inforegulator.org.za

Jy mag ook 'n afskrif van die gids versoek deur ons Adjunk Inligtingsbeampte te kontak by die adres soos hierbo verskaf.

## 6. DIE REKORDS WAT DIE OPFA HOU

**Inligting wat outomaties beskikbaar is, sonder 'n PAIA versoek**

Artikel 30L van die Wet op Pensioenfondse bepaal:

> ***30L. Rekord van verrigtinge**. —(1) Die Beregter sal 'n permanente rekord hou van verrigtinge wat betrekking het op die beregting van 'n klagte, asook die getuienis daartoe, of sal toesien dat sodanige rekord gehou word, skriftelik of deur middel van meganiese of elektroniese wyse.*
>
> *(2) Enige lid van die publiek mag 'n leesbare afskrif van die rekord van verrigtinge bekom teen die betaling van 'n fooi soos deur die Beregter bepaal mag word.*

Jy mag dus 'n leesbare afskrif van die rekord wat betrekking het op die beregting van 'n klagte versoek, sonder om 'n PAIA versoek in te dien.

**Hieronder uiteengesit is die rekords wat ons hou, welke rekords nie beskikbaar gemaak sal word sonder ‘n PAIA versoek nie. Die rekords is in verskillende kategorieë uiteengesit om dit vir jou makliker te maak:**

| | |
|---|---|
| Personeel Rekords | • Persoonlike inligting verskaf deur personeel.<br>• Rekords verskaf deur ‘n derde party wat betrekking het op personeel.<br>• Diensvoorwaardes en ander soortgelyke inligting van personeel.<br>• Interne evaluasie en ander interne rekords.<br>• Korrespondensie wat betrekking het op personeel.<br>• Opleiding skedules en materiaal |
| | |
| Maatskappy Rekords | • Finansiële rekords<br>• Operasionele rekords<br>• Databasisse<br>• Inligtings Tegnologie Interne korrespondensie<br>• Statutêre rekords<br>• Interne Beleidstukke en prosedures<br>• Tesourie-verwante rekords<br>• Rekords gehou deur amptenare van die OPFA |
| Verkrygings Rekords | Derde party rekords |

**WETGEWING:**

Neem kennis: Die wette hieronder aangedui is wette wat spesifieke pligte en verantwoordelikhede toedig aan die OPFA, welke pligte en verantwoordelikhede toepassing vind in die vermoë van die OPFA om sy mandaat effektiewelik te kan uitoefen. Hierdie is nie 'n volledige lys van alle wetgewing wat moontlik 'n invloed op die OPFA mag hê nie, maar is saamgestel ten opsigte van wesenlike toepaslike wetgewing.

| | **KLAGTE EENHEID** |
|---|---|
| 1. | Wet op Pensioenfondse, 24 van 1956 |
| 2. | Wet op Finansiële Sektor Regulering, 7 van 2017 |
| 3. | Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013 |
| 4. | Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2 van 2002 |
| 5. | Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 3 van 2002 |
| 6. | Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 12 van 2012 |
| | |
| | **MENSLIKE HULPBRONNE EENHEID** |
| 7 | Wet op Arbeidsverhoudinge, 66 van 1995 |
| 8 | Wet op Beroepsgesondheid, 85 van 1993 |
| 9 | Wet op Gelyke Indiensneming, 55 van 1998 |
| 10 | Wet op Vaardigheids Ontwikkeling, 97 van 1998 |
| 11 | Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75 van 1997 |
| 12 | Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes, 130 van 1993 |
| 13 | Werkloosheidsversekerings Wet, 63 van 2001 |
| 14 | Wet op Beskermde Bekendmakings, 26 van 2000 |
| | |
| | **FINANSIES EENHEID** |
| 15 | Wet op die Bestuur van Openbare Finansiering, 1 van 1999 |
| 16 | Wet op die Raamwerk vir Voorkeur Verkrygingsbeleid, 5 van 2000 |
| 17 | Wet op Voorkoming en Beskerming teen Onetiese Aktiwiteite, 12 van 2004 |
| 18 | Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging, 53 van 2003 |

| | |
|---|---|
| 19 | Inkomstebelasting Wet, 58 van 1963 |
| 20 | Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, 121 van 1998 |
| | |
| | **INLIGTING EN KOMMUNIKASIE TEGNOLOGIE EENHEID** |
| 21 | Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 25 van 2002 |
| | |

**ANDER INLIGTING SOOS VOORGESKRYF MAG WORD:**

Die OPFA sal enige inligting beskikbaar stel soos wat voorgeskryf mag word deur die Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling ingevolge die regulasies van die Wet.

## 7. HOE OM TOEGANG TE VERSOEK

Ten einde ons in staat te stel om ons verpligtinge ingevolge PAIA na te kom, het die OPFA ons OPFA Inligtings Kantoor gemagtig en aangewys om met alle aangeleenthede van PAIA en POPIA te handel. Om 'n versoek tot toegang te doen, voltooi die Versoek tot Toegang-vorm, welke beskikbaar is by https://inforegulator.org.za/ en dien dit in by ons fisiese adres, of rig dit aan ons algemene e-pos adres hierbo na verwys.

*Die OPFA mag weier om toegang aan jou te verskaf ten einde andere te beskerm.*

Die OPFA is gemagtig om toegang tot sekere inligting te weier ingevolge PAIA. Die redes vir weiering mag wees om die volgende te beskerm –

- Die privaatheid van enige persoon;
- Kommersiële inligting van 'n ander maatskappy;
- Vertroulike inligting van 'n ander persoon;
- Die veiligheid van 'n persoon en eiendom;
- Gepriviligeerde inligting en rekords ten opsigte van regsprosesse; en
- Navorsings inligting.

Jy sal binne 30 dae vanaf die datum van ontvangs van jou Versoek tot Toegang- vorm skriftelik in kennis gestel word of jou versoek goedgekeur of afgekeur is. Indien enige rekord van die OPFA wat versoek is, nie opgespoor kan word of nie bestaan nie, sal die OPFA jou dienooreenkomstig by wyse van ‘n eedsverklaring in kennis stel, dat dit onmoontlik is om die betrokke rekord aan jou te verskaf.

*Hoe sal die OPFA toegang aan jou verskaf*

Indien jou versoek tot inligting tot rekords van die OPFA goedgekeur word, sal die OPFA bepaal hoe daar aan jou toegang gegee sal word, tensy jy toegang in ‘n spesifieke vorm aangevra het.

## 8. KOSTE OM INLIGTING TE BEKOM

Artikel 15(3) van die Wet bepaal dat fooie betaalbaar is om toegang tot inligting te verkry. Die voorgeskrewe fooie is uiteengesit in die Fooi Skedule tot die Wet, welke verkry kan word vanaf https://inforegulator.org.za/.

## 9. VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Die OPFA is ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (“POPIA”) verplig om besonderhede te verskaf van hoe en watter persoonlike inligting ons verwerk. Die besonderhede hiervan is beskikbaar op die OPFA webwerf onder die POPIA Beleidstuk.

Die OPFA beplan nie om persoonlike inligting na die buiteland oor te dra nie, maar dit mag wel plaasvind as deel van die berging van persoonlike inligting, of as gevolg van tegniese redes. Die wyse van die hantering van virtuele berging van inligting, mag tot gevolg hê dat persoonlike inligting wel na buite die grense van Suid-Afrika oorgedra mag word. Die OFPA sal sover dit binne sy beheer is, verseker dat inligting slegs oorgedra sal word na lande waar daar soortgelyke wetgewing as POPIA rakende die beskerming van inligting in plek is.

**Hoe beskerm die OPFA persoonlike inligting?**

Die OPFA is verbind daartoe dat jou persoonlike inligting veilig is by ons. Ten einde ongemagtigde toegang tot, of openbaarmaking van, persoonlike inligting te verhoed, het ons gepaste fisiese, elektroniese en bestuurs prosesse in plek gestel om persoonlike inligting wat deur ons ingesamel is, te beveilig.

Die dienste wat deur die OPFA gebruik word, voldoen aan aanvaarde, veilige oordrag en bergings tegnologie van inligting, ten einde ons in staat te stel om jou persoonlike inligting redelikerwys te beskerm teen ongemagtigde openbaarmaking en om die integriteit van jou persoonlike inligting te beskerm.

## 10. REGSMIDDELS BESKIKBAAR WANNEER DIE OPFA ‘N VERSOEK TOT INLIGTING AFWYS

### 10.1 INTERNE REGSMIDDELS

Die OPFA het nie interne Appèl prosedures nie. Dit in aggenome, die besluit van die Inligtingsbeampte is finaal, en versoekers sal hulle regte moet uitoefen deur gebruik te maak van eksterne regsmiddels tot hulle beskikking, in geval waar hulle versoek om toegang tot inligting geweier sou word, of indien die versoeker nie tevrede is met die antwoord verskaf deur die OPFA nie.

### 10.2 EKSTERNE REGSMIDDELS

Ingevolge Artikel 77A(2) van PAIA, mag die versoeker of enige ander verontregte persoon ‘n klagte indien vir toepaslike regshulp teen die Inligtingsbeampte by the Inligtings Reguleerder binne 180 dae na ontvangs van die besluit in die voorgeskrewe vorm en manier.

Indien die OPFA versuim om aan die vereistes van PAIA te voldoen, dan mag die versoeker of enige verontregte party, ooreenkomstig Artikel 78 van PAIA en die Wet op Administratiewe Geregtigheid 3 van 2000 (PAJA), die Hof met jurisdiksie nader om toepaslike regshulp.

Indien die versoeker of derde party ontevrede is met die Inligtingsbeampte se besluit, mag hy of sy deur middel van ‘n Aansoek en binne 180 dae die Hof nader vir toepaslike regshulp, ingevolge Artikel 82 van PAIA.

## 11. LANDE VAN BEDRYF

Die OPFA bedryf besigheid in Suid-Afrika.

## 12. BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING

Hierdie handleiding is beskikbaar gemaak ooreenkomstig Regulasie Nommer R. 187 van 15 Februarie 2002.

Die OPFA se handleiding is beskikbaar op sy webwerf by www.pfa.org.za asook by die OPFA se kantoor.